

1 Julie

Openbaring 13:11-18 (1933-vert.)

Nóg 'n teken van die tye: die koms van die Valse Profeet

Johannes sien in Openbaring 13 'n tweede visioen. Hierdie dier "uit die aarde" is dan die groot opponent, die teëstander van die Heilige Gees. Johannes noem hom ook die "valse profeet" (Op 16:13 en 19:20). Satan is die "na-aper" van God. Soos wat die Heilige Gees uitgaan van God die Vader en God die Seun, so gaan hierdie dier uit van Satan (die vader van die leuen) en van die Antichris (teen-Christus). Hy gaan uit oor die hele wêreld om volke en nasies te verlei, en om op subtiele wyse alle mense tot aanbidding van die Antichris te dwing. Hierdie dier is die simbool, die teken van alle valse profete deur die eeue heen. Die Here Jesus het dan ook by geleentheid sy volgelinge gewaarsku: "...pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is" (Matt 7:15)!

Die krag van hierdie valse profeet, die propaganda-minister van die Antichris, lê in sy oortuigingsvermoëns deur middel van die geskrewe en gesprake woord; al die kommunikasiemiddele wat daar vandag bestaan (oor die eter, internet, satellietverbindinge en uitsaaimiddele en wat nog ontwikkel sal word).

Hy sal ook die bewoners van die aarde daartoe bring om die Antichris te aanbid (vers 12). Daartoe sal hy groot tekens doen (vers 13), selfs vuur uit die hemel laat neerdaal, in nabootsing van God. Hy laat die bewonderaars van die dier 'n beeld van hom maak (vers 14) en dan "gee" hy aan dié beeld 'n gees sodat hy kan praat (vers 15) - soos 'n menslike robot! Almal wat die pratende dier nie gehoorsaam om die Antichris te aanbid nie, sal doodgemaak word! Verder word aan mense 'n merk op hulle regterhand en voorhoof gegee (vers 16) en niemand sal kan koop of verkoop wat nie hierdie merk van die dier ontvang het nie (vers 17).

Goddank, die merk van die drie-enige sataniese mag is 666, maar daarenteen, is die getal van die Drie-enige God 777! Daarom kan Satan en sy trawante nooit die oorwinning behaal nie. Hulle uiteindelijke ondergang en vernietiging deur die leërmagte van Jesus Christus is seker en finaal!

Sing: Psalm 46:3, 6 Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)